# SALOMO SE MOOISTE LIED

# Deel 3 – Die Wittebrood

## VRAE VIR BESPREKING:

Werk deur al hierdie vrae VOOR julle Kleingroep byeenkoms. Dit help jou voorberei vir julle byeenkoms sodat julle 'n sinvolle bespreking kan hê. Skryf jou antwoorde neer. Julle gaan nie noodwendig al die vrae bespreek nie en ook nie noodwendig dit in die volgorde hanteer nie.

- **Hoekom dink jy het die wêreld so baie te sê oor die seksuele en hoekom is Christene geneig om stil te wees oor God se standaarde?**
- **Hoe verskil die wêreld se standaard van God se standaard as dit kom by die seksuele?**
- **Het iemand jou geleer oor God se standaard of waar moes jy dit geleer? Verduidelik.**
- **Watter impak het skuldgevoel op ons geestelike lewe?**

---

---

---

**Lees deur die volgende verse en beantwoord die volgende vrae:**

**Hooglied 4:1-5:1**

- **In die preek is 5 karaktereienskappe van Goddelike seks genoem – *eksklusief en eerbiedig, sag en teer, passievol, veilig, en heilig*. Watter een het die meeste tot jou gespreek? Verduidelik.**
- **Watter stappe kan 'n persoon neem om te keer dat hulle op dieselfde manier dink oor seks as die wêreld of kultuur?**
- **Watter waarheid het vir jou uitgestaan van die preek (indien jy gemaklik is om te deel)?**

**Romeine 12:10**

- **Wat kan jy doen om meer intensioneel ander mense met respek en eerbied te hanteer?**
- **Wanneer sukkel jy om mense te respekteer?**

**Romeine 8:1, 33; 1 Johannes 3:20; Hebreërs 9:14-15**

- **Hoekom is hierdie belangrike waarhede om te onthou as ons skuldig voel oor ons verlede?**
- **Hoe leef 'n mens anders as jou gewete jou nie veroordeel nie? Hoe vergemaklik dit geestelike groei?**

**1 Johannes 1:9; Miga 7:18-19; Psalm 103:12**

- **Wat staan vir jou uit van hierdie verse?**
- **Hoekom sukkel ons soms om hierdie waarhede te glo?**

**Jakobus 5:16**

- **Hoe kan hierdie waarheid jou help om vry te kom van skuldgevoel oor dinge in jou verlede?**
- **Wie is die mense in jou lewe voor wie jy jou masker kan afhaal en wie vir jou sal bid?**

## Gebed en Omgee

*Sluit julle tyd af deur gebedsversoeke met mekaar te deel. Indien iemand in die groep kan uithelp met die behoefte of uitdaging is dit goed. Bid saam vir mekaar en vir mekaar se behoeftes waaraan die groep nie verandering kan bring nie.*

**Jy is welkom om van julle groep se gebedsversoeke neer te skryf sodat jy verder deur die week daaroor kan bid:**

## Neem 'n Volgende Stap

*Hierdie gedeelte is vir na julle groepsbyeenkoms sodat jy in jou eie hart kan vasmaak en gehoorsaam kan wees aan wat die Heilige Gees vir jou in julle bespreking openbaar het. Sit 'n tydjie na julle groepstyd uit sodat jy kan nadink oor julle bespreking en tyd saam.*

**As jy terugdink oor julle groepstyd en julle bespreking, wat het vir jou uitgestaan? Wat verstaan jy beter? Wat kan jy met iemand deel? Waaroor moet jy nog bietjie nadink? Wat ervaar jy druk die Heilige Gees op jou hart om in hierdie week te doen? Neem 'n oomblik en dink na oor julle byeenkoms en skryf iets neer wat jy wil vasmaak in jou eie hart.**